

LES 6: DIE BELONING VAN YAHWEH SE VOLGELINGE

Miljoene mense glo dat hulle hemel toe gaan as hulle sterf, want hulle glo dat belangrike Bybel figure hemel toe gegaan het toe hulle gesterf het. Wat sê die Bybel? Is die hemel werklik die beloning van Yahweh se volgelinge?

Hoekom, as die regverdige hemel toe gaan, het Yahshua die volgende gesê?

Joh 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

Selvs koning Dawid, 'n man na aan Yahweh se hart, is nie hemel toe nie.

Hand 13:22 En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na My hart, wat al My welbehae sal doen.

Hand 2:29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.

Hand 2:34 Want Dawid het NIE in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Yahweh het gesprek tot my Adonai: Sit aan My regterhand...

Wat 'n paradoks! Meeste mense glo dat die wat gered word hemel toe gaan, maar vanuit die Skrif lees ons dat Dawid nie na die hemel opgevaar het nie! Indien die wat gered is hemel toe gaan, sal dit werklik nodig wees vir 'n opstanding uit die dood? Hoekom 'n opstanding indien mense alreeds na hul beloning in die hemel opgevaar het? Dit is tyd dat hierdie vrae beantwoord word.

Dit is nie net Christene wat dink dat hulle hemel toe gaan nie. Dit is oorspronklik die heidene wat glo in die hemel as die hiernamaals. Geskiedkundige rekords bewys dat die Christen se idee van die hemel vanuit antieke Egipte ontstaan het. Die Egiptiese "Boek van die Dode" het voorgeskrewe towerspreuke, gebede, okkultiese rituele en allerhande gelukbringers om die dooie te help teen gevaar van die "Tuat", die land van die dooies, om "Sekhet Aaru" of "Sekhet Hetep", die Egiptiese name vir die hemel, te bereik om hul plek tussen die onderdane van Osiris in te neem in die "Land van die Ewige Lewe" (E.A. Wallis Budge, *The Literature of the Ancient Egyptians*, pp. 40-41).

6.1 Die leerstellings van die Eertydse Gemeente

So ongeloofwaardig soos wat dit mag voorkom het nie Yahshua of Sy dissipels vir hul volgelinge geleer dat die regverdige hemel toe gaan nie. Interessant genoeg kom die volgende uittreksel vanuit 'n sekulêre ensiklopedie:

"Dit blyk dat die dominante siening van die vroeë gemeente was dat tot en met die terugkeer van die Messias op die wolke van die hemel om die dode op te wek, dat dié wat gesterf het aan die slaap sou wees en dat hulle skielik opgewek sal word om hul nuwe liggame te ontvang, waarna hulle saam met Hom vir 'n duisend jaar op die aarde sal regeer..." (The New International Encyclopedia, first edition, article "Heaven", eie vertaling).

Die eertydse gemeente het nie die konsep van "hemel toe gaan" aan ander geleer nie. Sulke leerstellings het eers na die dood van die apostels populariteit verwerf. Geskiedkundig was dit die leerstellings van die Rooms Katolieke soos Clement van Alexandria, Origen en ander wat stelselmatig die Christen gemeentes geïnfiltreer het om hul ware geloof van 'n letterlike 1000-jaar heerskappy met Yahshua te verdraai.

Wat het gebeur? Hellenistiese filosofie het baie aspekte van die Egiptiese mitologie geïnkorporeer, daarom was Egiptiese mitologie in plaas van die Bybel as bron van leerstelling aanvaar en daarna was nuwe volgelinge daarin onderrig.

Idees oor die onverganklikheid van die gees, 'n ewigbrandende hel, die vaevuur en die hemel is alles konsepte wat van antieke mitologie afkomstig is. Al hierdie idees en konsepte het die kerk se populariteit onder die heidene laat toeneem, want hulle het sulke konsepte meer stellig aanvaar as die helder, eenvoudige leerstellings van die Bybel. Die idee van die hemel word vandag nog onder die hoofstroom Christelike kerke as die "beloning van die wat gered word" aanvaar. Wat is die waarheid met betrekking tot die hemel? Wat leer die Bybel ons van "hemel toe gaan?"

Toe Paulus die heidengebore bekeerdes in Galasië aangespreek het, het hy die volgende geskryf:

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Yahshua.

Gal 3:29 En as julle aan Yahshua behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte, erfgename.

Die gelowige is nou slegs 'n erfgenaam. Die erfporisie wat die gelowige sal ontvang, indien "gered" en waar hul die ewigheid sal deurbring is 'n spesifieke BELOFTE van Elohim. Daardie belofte was gemaak aan Abraham wat selfs in die boek van Galasiërs (geskryf aan die nasies) die "vader" van die gelowige genoem word (*Gal 3:7*).

Indien jy bekeer tot ware gelowige volgeling van die Messias, ongeag ras, nasionaliteit of geslag, dan is jy een van Abraham se kinders en 'n erfgenaam tot die erfporisie wat aan Abraham beloof is.

6.2 Die belofte aan Abraham

Gen 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.

Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Gen 12:5 En Abram het Sarai, sy vrou, en Lot, sy broerskind, geneem en al hulle besittings wat hulle bymekaargemaak en die slawe wat hulle in Haran verwerf het, en hulle het uitgetrek om na die land Kanaän te gaan en in die land Kanaän gekom.

Gen 12:6 En Abram het deur die land getrek na die plek Sigem, tot by die terpentynboom More. Die Kanaäniete was toe in die land.

Gen 12:7 Daarop verskyn Yahweh aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Toe bou hy daar 'n altaar vir Yahweh wat aan hom verskyn het.

Ps 105:7 Hy, Yahweh, is onse Elohim; oor die hele aarde is sy oordele.

Ps 105:8 Hy dink vir ewig aan sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte-

Ps 105:9 die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed aan Isak;

Ps 105:10 wat Hy ook vir Jakob as insetting bekragtig het, vir Israel as 'n ewige verbond,

Ps 105:11 met die woorde: Ek sal aan jou die land Kanaän gee, julle aangewese erfdeel.

Deut 34:1 Toe het Moses opgeklim uit die vlaktes van Moab na die berg Nebo, die top van Pisga wat teenoor Jérigo lê; en Yahweh het hom die hele land, Gilead tot Dan toe, laat sien;

Deut 34:2 en die hele Náftali en die land Efraim en Manasse en die hele land Juda tot by die Westelike See;

Deut 34:3 en die Suidland en die Jordaanstreek, die laagte van Jérigo, die palmstad, tot by Soar.

Deut 34:4 En Yahweh het vir hom gesê: Dit is die land wat Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek dit gee; Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal daarheen nie oortrek nie.

Die belofte aan Abraham en sy nageslag is die **Land van Israel!** Yahweh het die land, voorheen bekend as Kanaan, aan sy verkore kinders beloof. Maar wat is die grense van die land?

Gen 15:18 Op dié dag het Yahweh met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:

Die land van Kanaan, waarvan net 'n klein gedeelte vandag beset word deur die Staat van Israel, was belowe aan Abraham en sy nakomelinge. Dit is hoekom dit die "beloofde land" genoem word.

Let wel: dit is 'n streek op aarde en nie in die hemel nie.

Gen 13:15 want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid.

Let op wat Yahweh hier vir ons probeer sê. 'n Erfporsie "tot in ewigheid" word aan ons belowe, daarom is dit insluitend van die ewige lewe. Weereens, nie een woord van die hemel nie. Deur Abraham word aan ware, gelowige volgelinge, wat Abraham se spirituele nakomelinge is, die aarde as erfporisie belowe.

Op 5:10 en het ons konings en priesters vir onse Elohim gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

Yahweh het dieselfde belofte aan Isak gemaak as aan sy vader, Abraham (*Gen 26:1-5*). Dieselfde belofte was weereens aan Jakob, Isak se seun, gemaak (*Gen 35:9-12*). Dieselfde belofte was daarna aan Jakob en sy kinders, die Israeliete, gemaak (*Rom 9:4*).

Hou die volgende in gedagte. Yahweh het Jakob se naam verander na "Israel" en hy het 12 seuns gehad. Elk van die 12 seuns het 'n stam voortgebring wat gesamentlik as die "kinders van Israel" bekend gestaan het.

6.3 Gehoorsaamheid VOOR erfenis: Yahweh het Abraham beproef.

Gen 22:1 Ná hierdie dinge het Elohim Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!

Gen 22:2 Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

Toe Abraham die proef in die gesig gestaar het, het hy nie gestop om met Yahweh te redeneer, verskonings te maak of gerebelleer nie. Hy het Yahweh gehoorsaam. Hy het vroeg die volgende oggend opgestaan om Yahweh se opdrag uit te voer, sonder uitstel. Dit was die eerste ding wat hy die volgende dag gedoen het.

Gen 22:3 Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam met hom geneem; en hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat Elohim hom aangewys het.

6.3.1 Het Yahweh toegelaat dat Abraham sy seun doodmaak?

Gen 22:10 Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag.

Gen 22:11 Maar die Engel van Yahweh het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!

Gen 22:12 En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy Elohim vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie.

Yahweh wou nie Isak se lewe ontnem nie. Hy het Abraham se gewilligheid om Hom te gehoorsaam op die proef gestel.

Dit bring ons by die volgende vraag: Vereis Yahweh offers op 'n altaar of wil Hy lewende offers hê?

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van Yahweh, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan Yahweh welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Ps 51:17 Die offers van Elohim is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o Elohim, nie verag nie!

Gen 22:12 "... want nou weet Ek dat jy Elohim vrees..."

Abraham was getrou en gehoorsaam aan Yahweh (*Heb 11:17*). Die Bybel verwys na Abraham as die "vader" van die wat leef volgens die geloof (*Rom 4:11; Gal 3:7*). Abraham se geloof was tot die uiterste beproef.

6.3.2 Was daar ander kondisies verbonde aan Yahweh se belofte?

Gen 22:15 Toe roep die Engel van Yahweh vir die tweede keer na Abraham van die hemel af

Gen 22:16 en sê: Ek sweer by Myself, spreek Yahweh, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,

Gen 22:17 dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem.

Gen 22:18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

Deur die woorde wat Yahweh gespreek het: "... omdat jy dit gedoen het..." vers 16 & 18: "...omdat jy na my stem geluister het." is die belofte onvoorwaardelik. *Gen 26:5* is nog 'n bewys vanuit die Bybel dat die belofte geloofwaardig is.

6.5 Mense van alle nasies kan in aanmerking kom om uiteindelik erfgename van dieselfde beloftes as die geloofwaardige Abraham en sy nageslag deur Isak en Jakob, te wees.

Elohim het 'n belofte aan Abraham gemaak dat al die nasies van die aarde deur sy saad geseën sal word (*Gen 12:3, 22:18*). Wie is hierdie "saad" (*Gal 3:16*)?

Die woord "saad" in *Genesis 22:18* verwys spesifiek na die Messias eerder as na Abraham se "saad" of nageslag, soos genoem in *Genesis 13:16; 17:8*. Yahshua was 'n direkte afstammeling (saad) van Abraham (*Luk 3:23, 34*). *Luk 3:33, 34* bewys duidelik dat Yahshua vanuit die stam van Juda, een van Jakob (Israel) se seuns, afkomstig was.

Heb 7:14 Want dit is volkome duidelik dat Yahshua uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

In die boek van Lukas word die geslagsregister van Yahshua deur die lyn van sy moeder, Maria aangeteken. Josef, soos genoem in *Lukas 3:23*, was eintlik die skoonseun van Heli, die vader van Maria. In Lukas word dit bewys dat Maria 'n direkte afstammeling van Abraham (*vers 34*) was.

Hoe kan 'n mens, wat nie deur geboorte 'n afstammeling van Abraham is nie, in aanmerking kom as erfgenaam aan die beloftes wat aan hom gemaak was?

Gal 3:27 want julle almal wat in Messias gedoop is, het julle met Messias bekleed.

Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek (Aramees) nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie mee man en vrou nie; want julle is almal een in Yahshua die Messias.

Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens di belofte erfgename.

In die Bybel verwys heidene na alle mense wat nie direkte afstammeling van Abraham deur die spesifieke bloedlyn van Isak en Jakob (Israel) is nie. Paulus het aan die heidengebore Galasiërs uitgewys dat die enigste manier waarop hulle as erfgename aan die beloftes wat aan Abraham gemaak is kan deel, was om kinders ("saad") van Abraham te word deur middel van die Messias!

Gal 3:7 Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

As jy is 'n ware gelowige is, ongeag van ras of nasionaliteit, is Abraham jou "vader" in die geloof en jy sal erwe wat Yahweh aan Abraham belowe het. Hoe duidelik!

Alle ware gelowiges is erfgename saam met Abraham en sal eerstens die ewige lewe, en tweedens die hele aarde beërwe. Die hemel was nie by die beloftes wat Yahweh aan Abraham gemaak het ingesluit nie!

Wanneer sal Abraham en sy "kinders" hulle erfdeel ontvang? Wanneer sal hulle die beloftes ontvang?

6.5 Beloftes wat nog vervul moet word.

Het Abraham al sy erfdeel ontvang wat Yahweh aan hom belowe het?

Hand 7:2 En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die Elohim van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het,

Hand 7:3 en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys.

Hand 7:4 Toe het hy getrek uit die land van die Chaldéërs en in Haran gaan woon; en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon.

Hand 7:5 En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie.

Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Heb 11:9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.

Heb 11:10 Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan Elohim die boumeester en oprigter is.

Heb 11:11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit belof het.

Heb 11:12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.

Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Heb 11:39 En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,

Heb 11:40 omdat Elohim iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.

Hierdie geïnspireerde woorde sê duidelik dat Abraham nog nie sy beloofde erfenis ontvang het nie, al was Yahweh se beloftes onvoorwaardelik as gevolg van sy gehoorsaamheid. Abraham, Isak en Jakob was swerwers, tydelike bewoners, besoekers in die land wat Yahweh aan hulle belof het.

Abraham het alreeds gesterf (en was nogsteeds dood) gedurende die tyd van Yahshua en die apostels.

Joh 8:52 Toe sê die Jode vir Hom: Nou weet ons dat U van die duiwel besete is. Abraham het gesterwe en die profete, en U sê: As iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie smaak nie.

Dawid, 'n erfgenaam van Abraham en 'n profeet van Yahweh, is ook dood en in sy graf.

Hand 2:29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.

Die Nuwe Testament bevestig dat Abraham en al die aartsvaders nog nie die belofte en erfenis ontvang het nie! Hulle, asook almal wat kinders van Abraham deur Yahshua geword het, is nogsteeds net erfgename van die beloftes. Niemand het al hul erfenis ontvang nie! Die groot vraag is: Wanneer sal hulle die beloofde erfenis ontvang?

6.6 Om die "Koninkryk van Yahweh" te beërwe

Mattheus gebruik die term "Koninkryk van Die Hemel" waar Markus, Lukas en Johannes dit skryf as "Koninkryk van Yahweh". Die evangelie van Mattheus was vir sy tydgenote, die Jode geskryf. As gevolg van die valse godsdienstige gees van die Fariseërs wou baie van hulle nie Yahweh se naam uitspreek nie, daarom was die Vader se heilige naam vervang in die term "koninkryk van die hemel". Die uitdrukking "koninkryk van die hemel" beteken nie 'n letterlike koninkryk in die hemel nie. Dit beteken wel, Yahweh se koninkryk wat Hy besit en regeer en wie se troon en woonplek in die hemel is.

Yahshua het gesê: *Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. (Matt 5:5)*

Die sagmoediges, met ander woorde, nederige gelowiges, sal die aarde in besit neem as 'n ewige besitting en die koninkryk van die hemel sal op die aarde wees! Die Koninkryk van Yahweh sal deur die Messias met Sy wederkoms op aarde gevestig word en so die familie van Yahweh byeen bring.

Om deel te wees of om die koninkryk van Yahweh te erf is so wonderlik dat die menslike verstand dit nie regtig kan verstaan nie! Ons het geen begrip van wat werklik vir diegene wag wat Yahweh gehoorsaam nie. Die volle omvang van die erfenis wat Yahweh aan ware gelowiges belowe kan nie deur die mens begryp word nie, maar Yahweh openbaar dit aan ons deur Sy Gees.

Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Gelowiges moet ernstig bid: "Laat U Koninkryk kom"! Die woord "kom" impliseer dat die koninkryk na die aarde sal kom. Yahshua het nie vir ons gesê om te bid: "Kom ons gaan na die hemel". Dit is duidelik dat Yahweh se Koninkryk nog nie na die aarde gekom het nie.

Wanneer sal die regverdiges die Koninkryk van Yahweh beërwe?

Matt 25:31 En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

Matt 25:32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

Matt 25:33 en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.

Matt 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Met Yahshua se wederkoms sal Abraham en sy kinders deur middel van Yahshua, erfgename van die beloftes word. Wat anders sal gebeur met die Messias se koms en hoe belangrik is die opstanding?

1 Kor 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,

1 Kor 15:52 in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

1 Kor 15:53 Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

Let wel, die basuin van die trompet weerklink met die **TWEEDE KOMS** / wederkoms van die Messias (*Tess 4:16-17*). Dit is ook wanneer Abraham, Isak, Jakob, Dawid en die ander getroue dienaars van Yahweh erfgename word van die belofte.

Met Yahshua se wederkoms sal die wat in die Messias gesterf het opgewek word met nuwe geestelike liggame. Die dooies is nie in die hemel nie, maar slaap tot en met die opstanding (1 Kor 15:51). Gelowiges wat met die wederkoms nog leef sal in 'n oogwink verander word tot geestelike liggame wat in die koninkryk of gesin van Yahweh sal wees. Ons vlees is verganklik en onderhewig aan die dood, maar die geestelike liggame wat ons gaan ontvang (die wat as ware gelowiges volhard), sal vir ewig onverganklik en onsterflik wees, nooit weer onderhewig aan die dood nie.

Sonder 'n opstanding sal die dooies nie weer leef nie (1 Kor 15:16, 18). Daarom is die opstanding van die dooies 'n uiterste belangrik deel van Yahweh se plan. Tensy Abraham, Isak en Jakob en al die oorledene gelowiges nie met Messias se koms uit die dood opstaan nie, sal hulle nie die beloftes beërf nie.

1 Kor 15:13 As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Messias ook nie opgewek nie.

1 Kor 15:14 En as Messias nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;

1 Kor 15:15 en dan word ons valse getuies van Elohim bevind, omdat ons teen Elohim getuig het dat Hy Messias opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie.

1 Kor 15:16 Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Messias ook nie opgewek nie;

1 Kor 15:17 en as Messias nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;

6.7 Het die Messias 'n testament nagelaat?

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Heb 9:16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;

Heb 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.

'n Testament is die bekendstelling van 'n erfposisie. Wanneer 'n persoon sterf tree die testament in werking (Verse 16-17). Yahshua het 'n testament nagelaat. Hy leer ons deur Sy Woord wat ons moet doen om mede-erfgenaar te word van die belofte van die ewige erfenis in die koninkryk van Yahweh. Yahshua het dus vir ons gesterf sodat ons die beloftes deur Hom kan erf. Maar Hy woon vandag by die Vader en sit aan Sy regterhand, gereed om in te tree vir ons (Heb 7:25), om ons te help en om ons die krag te gee sodat ons sonde kan oorwin en die heerlike beloftes van Yahweh by die opstanding te erf!

6.8 Het iemand al hemel toe gegaan?

Daar is nie een teks in die Bybel wat bevestig dat gelowiges hemel toe gaan wanneer hulle sterf nie. Meeste mense is onbewus van die eenvoudige onderrig in Yahweh se Woord. Hulle aanvaar vanselfsprekend en sonder twyfel die vals idee van "Hemel toe gaan"!

Hier volg 'n paar skrifgedeeltes wat oor die hoof gesien of verkeerd geïnterpreteer word deur mense wat hierdie vals leerstelling glo.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer [wederkoms op aarde] en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is [Yahweh se Tempel in Jerusalem, op aarde].

Wanneer Yahshua terugkeer as Koning van Konings sal Hy vir Sy getroue volgelinge sê:

Matt 25:34 ... Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Die Skrif verklaar dat Yahshua se uitgekose volgelinge oor die nasies, hier op aarde, sal heers en dat hulle gesagsposisies in Yahweh se Koninkryk sal beklee.

Op 5:10 ...en het ons konings en priesters vir onse Elohim gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

6.9 Die Bybel verklaar dat niemand behalwe Yahshua opgevaar het na die hemel nie.

Joh 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

Kan dit enigsins meer duidelik gestel word? Sommige mag verwys na die dief op die kruis? Het hy nie saam met Yahshua op die dag van sy kruisiging hemel toe gegaan nie?

Luk 23:42 En hy sê vir Yahshua: Dink aan my, Meester, wanneer U in u koninkryk kom.

Luk 23:43 En Yahshua antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

Eerstens, Yahshua het self nie na Sy kruisiging op daardie dag na die hemel opgevaar nie. Nee, soos ons weet, is Hy na die graf waar Hy gebly het vir drie dae en drie nagte.

Tweedens, let op na die konteks van die vers. Die dief het gevra: "*Dink aan my, Meester, wanneer U in u koninkryk kom.*"

Die misverstand in *Lukas 23:43* kom as gevolg van die verkeerdelike gebruik van die komma. In Aramees en Grieks was daar geen kommas nie, daarom was geen kommas gebruik toe die Nuwe Testament in Grieks vertaal was nie. Met die vertaling van die Bybel na Engels het die vertalers die kommas geplaas waar hulle gedink het dit behoort. (In die meeste gevalle word die leestekens korrek gebruik, maar nie in hierdie geval nie.)

Yahshua het dus nie aan die dief gesê: "..., vandag sal jy saam met My in die paradys wees.", maar eerder "*...Ek sê vir jou vandag, [jy sal] saam met my in die Paradys wees.*". Die woord 'vandag' dui op die tyd van Sy belofte en nie die tyd wat Yahshua in die paradys sou wees nie. Yahshua het die man se berouvolle gesindheid beoordeel en was in staat om hom te vertel dat hy uiteindelik weer sal lewe, saam met Hom, in die paradys. Die paradys het egter nog nie na die aarde gekom nie en die berouvolle kwaaddoener is nogsteeds dood en in sy graf.

6.10 Die wat volhard tot die einde en getrou wag vir Yahshua se wederkoms sal deel in die beloofde erfenis.

Ps 37:9 Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word; maar die wat Yahweh verwag, hulle sal die aarde besit.

Ps 37:22 want die wat deur Hom geseën word, sal die aarde besit; maar die wat deur Hom vervloek word, sal uitgeroei word.

Ps 37:29 Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon.

Ps 37:34 Kof. Wag op Yahweh en hou sy weg, en Hy sal jou verhoog, om die aarde te besit; jy sal met welgevalle neersien op die uitroeiing van die goddelose mense.

Is daar enigsins fout om die aarde as 'n ewige erfenis te ontvang? Sal jy tevrede wees met die aarde? Die aarde sou vandag 'n wonderlike plek wees om in te woon as dit nie vir die sonde-rebellie teen Yahweh en Sy Wet was nie; die Wet wat, indien almal dit gehoorsaam, tot vrede, geluk en blydschap sal lei. Geluk en vreugde is nie 'n kwessie van geografiese ligging nie. Dit is 'n emosionele toestand. Dink net daaraan. Geen sonde onder die onsterflike lede van die Koninkryk van Yahweh nie. Daar sal geen leuenaars, moordenaars of diewe wees nie. Daar sal geen oorlog, siektes of hongersnood wees nie. Wat 'n wonderlike erfenis!

Na 'n noukeurige ondersoeking van die skrif word dit duidelik en onbetwisbaar dat die lot van Yahweh se heiliges nie 'n getokkel op siters in die hemel vir alle ewigheid is nie. Nee, die waarheid is ver meer opwindend!

Hoe sal dit ná die Millennium op aarde wees, wanneer Yahweh se Meesterlike Plan vir die mensdom vervolmaak is; wanneer al die regverdige glorieryke, onverderflike, gees-saamgestelde liggame het en al die ongeneeslike, goddelose wesens tot as verbrand is? Sal daar 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel wees nadat die huidige aardoppervlak gesuiwer is deur die vuur?

2 Pet 3:12 julle wat die koms van die dag van Elohim verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt.

2 Pet 3:13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

Op 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

6.11 Wie sal die nuwe aarde bewoon?

Op 21:24 En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin.

Op 21:25 En bedags, want nag sal daar nie meer wees nie, sal sy poorte nooit gesluit word nie;

Op 21:26 en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring.

Op 21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

6.12 Waar sal die hoofstad van die nuwe aarde wees?

Op 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Op 21:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van Elohim neerdaal;

Op 21:18 En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.

Op 21:21 En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.

Alhoewel ware gelowiges nie hemel toe gaan wanneer hulle sterf of uit die dood opgewek word nie, kom die "hemelse Jerusalem" na die aarde toe. Yahweh die Vader sal na die op die aarde kom, die plek van Sy troon.

Op 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van Yahweh is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Yahweh self sal by hulle wees as hulle Elohim.

6.13 Yahweh se naam sal op die voorhoof van die getroue, uitverkorenes wees

Op 22:3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Yahweh en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.

Op 22:4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.

Die Nuwe Jerusalem sal na die aarde neerdaal. Dit sal Yahweh se hoofkwartier wees vir alle ewigheid! Dit is bestem dat die aarde die middelpunt van alle aktiwiteite in die heelal sal word.

HalleluYah! Prys Yahweh!

Kortlikse samevatting:

- 1.) Nadat die Bybel bestudeer is en al die wanbegrippe of verkeerde interpretasies van Bybel tekste verduidelik was kom ons by die eenvoudige waarheid dat die hemel nie die loon is van die wat gered word nie.
- 2.) Ware gelowiges gaan NIE hemel toe wanneer hulle sterf of wanneer hulle uit die dood opgewek word nie.
- 3.) Die verrassende waarheid is dat die hemel na die aarde kom.
- 4.) Die aarde sal die hoofkwartier van die Vader wees, vanwaar Hy sy uitgebreide skepping sal regeer.
- 5.) Mense wat sterf 'slaap' in die graf en wag vir die opstanding, hulle is nie in die hemel nie.
- 6.) Die beloning van die wat gered word is om saam met Yahshua op die aarde te regeer en nie in die hemel nie.

Sal jy op die nuwe aarde woon? Sal jy 'n deel hê aan daardie wonderlike wêreld?

Wanneer Yahshua die Messias terugkeer... *Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. (Matt 25:34)*